# 426. LOOF YAHWEH DER LEËRSKARE

D                 G    D
1. Loof Yahweh der leërskare,
A                     D
nageslagte, roem Sy mag!
D               G       D
Nie onsself nie, Hom die ere
A                    D
vir verlossing hierdie dag!
D                 G     D
Prys Yahweh, verheug alom,
                 A     D
loof Sy trou, verheerlik Hom!

D                  G    D
2. Woeste hordes van barbare,
A                     D
kom vol woede en geweld:
D               G    D
kinders van die martelare
A                  D
lê gemartel op die veld;
D                 G     D
maar Yahweh beslis hul saak,
                     A       D
wreek die bloed wat roep om wraak.

D                       G    D
3. Prys Hom wat die smeekgebede
A                         D
van Sy kinders steeds wou hoor:
D                  G       D
Hy versterk die wank'le skrede,
A                      D
het die dwingeland verstoor.
D            G       D
Salig hy wat op Hom wag;
                   A     D
wee die mens wat Hom verag!

D                 G      D
4. Wat ons vaders U beloof het,
A                     D
wil ons, hulle kroos, betaal.
D                 G      D
Deur hul kinderlik' geloof het
A                   D
U gered, so menigmaal,
D               G     D
daarom word U lof en prys
               A     D
deur die nageslag bewys.

**D                       G    D**
5. Is ons deur die bang verlede,
**A                          D**
Yahweh, deur U swaar kasty,
**D                      G    D**
tans verrys ons dankgebede,
**A                       D**
word ons loflied U gewy.
**D               G     D**
Ons wil net U liefde hê;
**                  A       D**
rus en vree van U, Yahweh!